SUPER 12 GHOLF - 2018

Laerskool Vastrap was die gasheer van dietwaalfdeSuper 12 Gholftoernooiwat op die uitstekende Lost City gholfbaan aangebied was. Groot dank aan Mnr Ditro Pieterse, Mnr. Bernard Roode en hulle span vir 'n skitterend gereëlde toernooi wat almal terdeë geniet het. Groot dank ook aan Mnr. Arno Faber vir sy onbaatsugtige ondersteuning gedurende die kompetisiedag en prysuitdeling.

Daar was altesaam ses en sewentig seuns en 'n verdere agt dogtersteenwoordig van die negentien skole in vanjaar se toernooi. 'n Spesiale woord van dank aan elke gholforganiseerder wat jaar in en jaar uit moeite doen met hul kinders en hul skool se gholfontwikkeling, asook hul bereidwilligheid om op te tree as beamptes om die vierballe te vergesèl, ter wille van kontroledoeleindes.

'n Opsie is laasjaar bespreek en toegestaan om dogters hulle eie toernooi te laat speel en die proeflopie vanjaar het 4 spanne opgedis. Alhoewel dit nie heeltemal aan ons verwagtinge voldoen het nie, stel ek voor dat ons aanhou probeer om die dogters aan te moedig om ook deel te neem op dieselfde voorwaardes as vanjaar. Ek glo kommunikasie van die organiseerders se kant af moet net duideliker aan die dogters en ouers gestel word dat dit nogsteeds net proeflopies sal wees totdat genoeg dogterspanne kwalifiseer vir 'n volwaardige toernooi.Ek sal ook voorstel dat die dogters se Zero voorgee formaat verander word na 'n 18 voorgee formaat, sodat hulle meer punte kan aanteken.

Die uitslae van die eerste drie plekke(medaljes) word jaarliks slegs op die dag volgens die Zero-voorgee bekend gemaak. Slegs een trofee word oorhandig - die Zero trofee(Skoolwenner). Ons maak graag ook die inligting van die IPS-afdeling aan u bekend.Soos u kan sien was die kompetisie weereens baie sterk, alhoewel die moeiliker baan ook sy tande gewys het!

Baie geluk aan die volgende skole en spelers:

INDIVIDUELE DEELNAME SEUNS:

Zero voorgee afdeling	Punte	IPS afdeling	Punte
1. Heinrich J v Vuuren-Saamtrek	34	1. Stefan Swanepoel – Pietersburg-Oos	38
2. Juan Human - Menlopark	31	2.Heinrich J v Vuuren-Saamtrek	37*
3. Marno Lange - Kruinsig	25*	3. Juan Human - Menlopark	37*

INDIVIDUELE DEELNAME DOGTERS:

Zero voorgee afdeling	Punte	IPS afdeling	Punte
1. Desirè Düring - Kruinsig	6	1. Abigail Sweeney - Kruinsig	23
2. Abigail Sweeney - Kruinsig	3	2.Desirè Düring - Kruinsig	21
3. Keira Pienaar - Kruinsig	3	3. Cailin Coetzer- Saamtrek	18

Hier volg die Zero – en IPS uitslae van al die deelnemende skole seuns (3 tellings):

	SKOOL : Zero Voorgee	Punte	Pos	SKOOL : IPS-afdeling	Punte
1	Kruinsig	74	1	Kruinsig	106
2	Menlopark	67	2	Rustenburg	101
3	Saamtrek	61	3	Saamtrek*	98
4	Kenmare	48	4	Menlopark*	98
5	Wierdapark	42	5	Goedehoop	93
6	Hennopspark	37	6	Kenmare	92
T7	Constantiapark	35	7	Middelburg	87
T7	Middelburg	35	8	Vastrap	85
T9	Pietersburg-Oos	31	9	Hennopspark	82
T9	Vastrap	31	10	Constantiapark	81
11	Rustenburg	26	11	Pietersburg-Oos	78
12	Goedehoop	24	12	Mooirivier	71
T13	JJvdMerwe	21	13	Wierdapark	70
T13	Mooirivier	21	14	Van Riebeeckpark	59
T15	Randhart	18	15	Tzaneen	55
T15	Van Riebeeckpark	18	16	Randhart	52
17	Elarduspark	16	17	JJvdMerwe	46
18	Tzaneen	15	T18	Stephanus Roos	38
19	Stephanus Roos	11	T18	Elarduspark	38

Zero – en IPS uitslae van al die deelnemende skole dogters (2 tellings):

	SKOOL : Zero Voorgee	Punte	Pos	SKOOL : IPS-afdeling	Punte
1	Kruinsig	9	1	Kruinsig	44
2	Saamtrek	2	2	Saamtrek	19
3	Hennopspark	0	3	Hennopspark	9
4	Randhart	0	4	Randhart	6

*** Volgens uittel**

Die volgende 3 skole het aangebied om die S12 Gholf toernooi oor die volgende 3 jaar aan te bied:

2019 – Mooirivier
2020 – Fontainebleau
2021 – Vastrap (Sun City)

Jurian Pienaar
Voorsitter

Mnr A Faber
Gholfvoog